# Hoofstuk van die dag: 1 Timoteus 4

> *Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang. (1 Tim 4:1)*

Dit is deesdae toenemend moeilik om te weet wat is reg en wat

verkeerd is. Daar was ’n tyd toe ons almal presies geweet het wat is sonde en wat nie. Ons het reëls gehad oor dans en dobbel en Sondagsheiliging; ons het geweet dat apartheid reg is en gays verkeerd, en dat growwe taal nie pas by gelowiges nie. Ons het presies geweet, en die kerk het dit baie netjies vir ons uitgespel. Vandag is ons glad nie meer so seker oor baie dinge nie.

In Timoteus se tyd was dit ook so, want daar was dwaalleraars wat die gemeentelede verwar het met die soort goed wat hulle verkondig (vers 1-5).

Wat is die kerk se taak in sulke tye waarin daar talle stemme opgaan, vreemde stemme wat mense kan verwar? Ons moet goed op ons lewe en ons leer fokus en daarin volhard, is Paulus se raad. Só sal ons onsself in hierdie verwarrende wêreld red, én die wat na ons luister (vers 16).


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026